# FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 402 · 13 Februarie 2026**

# TOP
## AFRIKAANSE AKADEMIESE SKOOL
### IN DIE
# OOS-KAAP

NASIONAAL ERKEN AS EEN VAN DIE TOP SKOLE IN SUID-AFRIKA




SKOLE
ERETOEKENNING
TOP AFRIKAANSE SKOOL
IN
Oos-Kaap
1ste plek
Hoërskool Framesby
1,18 Onderskeidings per Matriekkandidaat
LEON FOURIE
HUGO VERMEULEN
skole.co.za

FRAMESBY SE DNA
- Christelik
- Afrikaans
- Moedertaalonderrig (alle klasse enkelmedium)
- Vegters op sport- en kultuurgebied
- Waardegedrewe
- Toekomsgerig

HANDHAAF EN BOU

*Ons toekoms is blou en goud!*

# FISIESE WETENSKAPPE

## 17DE IN SA ONDER AFRIKAANSE SKOLE







*Ons toekoms is blou en goud!*


MNR EN MEJ
FRAMESBY
2026
Meneer Framesby
2026
3
MENEER
FRAMESBY
NICO BARKHUYSEN
MEJUFFROU
FRAMESBY
MÉ-JEAN DU PREEZ
FRAMESBY SE DNA
Dirk Moggee

# MNR EN MEJ FRAMESBY 2026












MENEER PERSOONLIKHEID
CONNOR BEER



MEJUFFROU PERSOONLIKHEID
ANESKA FERREIRA



MENEER FOTOGENIES
WIAN HOLTZHAUSEN



MEJUFFROU FOTOGENIES
MARI GEISSLER



TWEEDE PRINS
DANIËL STOFBERG



TWEEDE PRINSES
LEANÉ DE PREEZ



EERSTE PRINS
JOHNETON VAN ROOYEN



EERSTE PRINSES
ZANDRI STUMKE

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) AKADEMIE

NUWE TOETSDATUMS

· Landbouwetenskappe graad 12 se toets van 16 Februarie sal omrede die vakonderwyser se afwesigheid geskuif word.
· Geskiedenis Opdrag 1 van die graad 10- en 11-leerders sal as gevolg van die sporttoere geskuif word.

WISKUNDE HULPKLASSE

Grade 8 en 9 se hulpklasse is Dinsdae van 14:05 tot 14:45. Graad 10 se hulpklasse is Woensdae direk na die kultuurgleuf.

SBA-ASSESSERINGS VIR KWARTAAL

· Die volledige lys van alle SBA-assesserings is aan die nuusbrief geheg.
· Ouers, u kan kennis neem dat daar reeds begin is met van hierdie assesserings in klastyd en van die take is reeds uitgedeel om by die huis te voltooi.
· Bestudeer die program deeglik en ondersteun u dogter/seun tuis om deeglik voorbereid te wees.

AFWESIGHEID

· Stuur 'n e-pos dieselfde dag aan die welwillendheidsgraadhoof indien u dogter/seun tydens assesserings afwesig is.
· Vir toetse moet u 'n doktersbrief op dieselfde dag e-pos, anders ontvang u dogter/seun '0' vir die toets.
· Indien afwesig vir ander assesserings moet 'n leerder dit inhaal.

B) RESPEK VIR EIENDOM

Ons versoek is dat leerders die terrein asseblief sal skoonhou. Rommel moet in vullishouers gegooi word. Kom ons wees trots op ons mooi terrein, ook in ons klaskamers en busse.

C) FAKKELFLITS

Die bestudering van die weeklikse Fakkelflits word sterk aanbeveel. Dit is 'n uitbouing van inligting na u as ouer. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

D) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2026 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS



# Weeklikse Beplanning

## Saterdag

14 FEBRUARIE

**KRIEKET SEUNS:**
1ste+0/15A vs Somerset College (w)
2des+0/14A Liga (t)
**KRIEKET DOGTERS:**
1ste Reddam House Fees (w)
**ATLETIEK:**
OP A Liga 5 (Oval)
**KULTUUR:**
CSV Kamp (Boknes)
**LANDSDIENS:**
Leiersberaad
**ATLETIEK:**
Curro byeenkoms Pretoria (Pilditch)
Vertrek na byeekoms terug
**SWEM:**
Distriksproewe [Newton Park]

## Sondag

15 FEBRUARIE

**KRIEKET SEUNS:**
1ste Somerset College T20 Toernooi (w)
0/15A vs Paul Roos (w)
**KRIEKET DOGTERS:**
1ste Span vertrek terug vanaf Reddam Fees
**KULTUUR:**
CSV /0Kamp (Boknes)
LANDSDIENS:
Leiersberaad

## Maandag

16 FEBRUARIE

Dag 1
DH: STH
SAAL: Seniors
**AKADEMIE:**
Boekkontrole begin
**KRIEKET SEUNS:**
1ste+0/15A Vertrek terug vanaf Somerset College
0/14 Liga
**GHOLF:**
Liga
**HOKKIE:**
16:00 0/14 Dogters Proewe
Graad 8 Foto's – Die Kosblik

## Dinsdag

17 FEBRUARIE

Dag 2
**KULTUUR:**
ATKV-SWEEPSLAG
14:30-15:30 Ontdek jou vel. (Kultuursaal)
**TENNIS:**
Dogtersliga
SPORTOUERVERGADERI**NG:**
18:00 Rugby/Netbal/ Hokkie (Saal)
**HOKKIE:**
16:00 Seuns Proewe (Alle spanne)

## Woensdag

18 FEBRUARIE

Dag 3
**AKADEMIE:**
Gr. 8-9 Eng (60min)
Gr. 10 Geo (60 min)
Gr. 11 RTT Prakties (60 min)
Gr. 12 Eng (60 min)
**TENNIS:**
12:00 Vertrek Tjaart Vorster Top 7 Seuns & Dogters (Cradock)
**KRIEKET SEUNS:**
3des Liga vs Grey (w)
4des Liga vs Grey (t)
HOKKIE:
16:00 0/19 Dogters Proewe

## Donderdag

19 FEBRUARIE

Dag 4
**AKADEMIE:**
Vakhoofde vergadering
2de Pouse
**TENNIS:**
Tjaart Vorster Top 7 Seuns & Dogters (Cradock) (PA: ENG/SAM)
**TENNIS:**
Seuns Liga
KRIEKET DOGTERS:
Woodrige Fees
**HOKKIE:**
16:00 0/16 Dogters Proewe

## Vrydag

20 FEBRUARIE

Dag 5
**SWEM:**
Long course Gala (OL)
**KULTUUR:**
ATKV-SWEEPSLAG
Flieknet (Kultuursaal)
**TENNIS:**
Tjaart Vorster Top 7 Seuns & Dogters (Cradock)
(PA: ENG/SAM)
**KRIEKET DOGTERS:**
Woodridge Fees (w)
(PA: EYK)
**GHOLF:**
06:00 Vertrek Selborne Fees (w) [Port Alfred]
(PA: JAC/DEJ)

# Framesby-atletiekspan na Curro Podium Grand Finale

| Naam | Van |
|---|---|
| Ava | Basson |
| Janné | Bekker |
| Anel | Conradie |
| Lea May | De Beer |
| Meke | de Vries |
| Tamlyn | Heyman |
| Karlie | Janse van Rensburg |
| Chaniya | Kotze |
| Romy | Meurs |
| Liezel | Redinger |
| Leane | Rudman |
| Minke | van der Merwe |
| Janke | Vermaak |
| Wieneke | Voigt |
| Connor | Bird |
| Morgan | Daniell |
| Carel James | Fourie |
| Nico | Grobler |
| Tristan | Herselman |
| Hermann | Loock |
| Guerra | Ntuli |
| Kyle | Preston |
| Jaydon | Stoman |
| Wikus | Strydom |
| Raghan | vd Mescht |
| Hanré | Vermaak |
| Dieter | Voigt |
| Liam | Westraadt |






FRAMESBY SE DNA
Christelik
Afrikaans
HANDHAAF EN BOU

# Weeklikse Terugflitse

In gr.8 het ek vir Juffrou Jonker gesê:" Juffrou, ek sal nooit aan Mnr en Mej Framesby deelneem nie. "
Vandag staan ek hier, gekroon as Mej Framesby 2026, en ek voel ekstaties !

Ek wens mense kan sien hoeveel ure, oefeninge, opofferings en nou en dan frustrasie in so geleentheid ingesit word. En dis alles die moeite werd.

Hierdie is `n ervaring wat ek nooit wat sal vergeet nie, van die opgewondenheid toe ek hoor ek is `n finalis, tot die stres oor my uitrusting vir die aand! Dis `n onvergeetlike ervaring en dis in ń oogwink verby.



Ek is ewig dankbaar om deel te kon wees van Mnr en Mej Framesby 2026. Dit help ook seker dat ons as ń groep so mooi kon saamwerk, mekaar opbou, help waar ons kan en elke oomblik saam kon geniet.

Sonder Juffrou Jonker, Juffrou Barkhuysen, Juffrou Adendorff, Myche Nolte, Kelly Schoeman en Tiffini Claassen sou niks hiervan moontlik gewees het nie.  Ek praat vir elke deelnemer as ek sê dat die onderwysers die rede vir `n suksesvolle geleentheid is. Ons is ewig dankbaar om hulle as mentors en beraders te kan hê. Dankie dat julle jul tyd opgeoffer het om die aand vir ons so maklik as moontlik te maak. Ons is baie lief en dankbaar vir julle.

-Mé-Jean du Preez

# KULTUUR BY FRAMESBY

# MUSIEKPRESTASIE



Dit is met groot trots dat ons Micaela Potgieter (graad 10) gelukwens met die uitstekende musiekprestasie wat sy in 2025 behaal het.

Sy het bo 90% in die Unisa Graad 3 Teorie-eksamen behaal.

Haar naam word dus op die Ererol van Unisa geplaas.

Micaela se naam, asook dié van me. Jana Loots, (musiekonderwyseres) sal dan in Unisa se musiekpublikasie van Junie 2026 verskyn.

Nogmaals baie geluk!

# Fantasia koor kamp

Fantasia het 2026 op 'n hoogtepunt afgeskop met 'n koorgetal van 60 lede!
Ons is ook bevoorreg om hierdie jaar 8 Oos-Kaapse Jeugkoorlede in die koor te kan hê.

Op 6 en 7 Februarie het die jaarlikse koorkamp plaasgevind, waar ons nie net heelwat liedere met groot sukses aangepak het nie, maar mekaar ook beter leer ken het.
Dankie aan Catherine Grebe (leier van die Alte) wat met soveel moeite en selfvertroue die speletjies aangebied het. Dit was insiggewend en genotvol!

Ons het die koorkamp met karaoke, danse, heerlike "doughnuts" en 'n worsbraai afgesluit.
Dankie aan ons braaimeester, Roubert Botha en al die staatmaker manne.

Ek glo elke koorlid het dit geniet en ek is trots op elkeen van julle!
Met dank aan tannie Liesl du Preez wat aangebied het om 'n paar foto's van ons te neem en Joshua, ons begeleier, wat Vrydag saam kon oefen.

Fantasia se eerste optrede is op 24 Februarie tydens die bekendstellingsaand. Ons sien uit na 'n jaar van genotvolle sang en 'n nuwe voorkoms!




ATKV
R20
20 FEB
18:00
KULTUUR-SAAL
FLIEKNET
AS JY SING
TE KOOP:
VERSKEIE
VERSNAPERINGE
Hoërskool Framesby
Kaartjies beskikbaar by algemene kantoor




FRAMESBY SE DNA

# NETBAL

Framesby-netbalspelers en -afrigters het vandag die hitte trotseer en is deur Manny Ferreira, NSA Vlak 4-afrigter van Pretoria, vir die komende seisoen geslyp.









# ATLETIEK

## PE Hoërskole-atletiekbyeenkoms 6 en 7 Februarie 2026

Tydens die PE Hoërskole-atletiekbyeenkoms wat op 6 en 7 Februarie 2026 te NMU plaasgevind het, het 160 Framesby atlete deelgeneem.

Ons atlete het gesamentlik 121 top 3-plekke verower. Van die 160 atlete dring 107 deur na die Metro Hoërskole-kampioenskappe, wat op Saterdag 28 Februarie 2026 plaasvind.

Die byeenkoms het 10 rekords sien kantel, waarvan 7 deur Framesby-atlete opgestel is.

Ons wens die volgende atlete geluk wat nuwe byeenkomsrekords opgestel het:





















# GHOLFUITSLAE

## Katberg Gholf & Ekco Landgoed

Framesby se 1ste span eindig 3de uit 8 spanne in die A-afdeling. Reynard Jansen skitter met tellings van 65 (18 putjies Saterdag en 35 oor 9 putjies Sondag). Die 2de nege het uitgereën. Hy is goed ondersteun deur veral Valentino Daniels (71 & 33). Ander lede van die span was Jaco-Louw Stander en Morne Meiring.

Ons 2de span eindig 7de uit 12 spanne.
Welgedaan aan al die spelers. Hulle maak ons trots gemaak met hul spel, gedrag en gholfetiket.

Ons sien uit na nog beter uitslae tydens die Selborne College-fees wat van 20 tot 22 Februarie 2026 plaasvind.



# KRIEKETNUUS



## Framesby Krieket Pette-oorhandigingsfunksie



Dinsdagaand, 10 Februarie het die pette-oorhandigingsfunksie van ons eerste dogters-, o.15A- en eerste seunskrieketspan plaasgevind.

Mnr. J.A. Meyer, kriekethoof, se tema vir hierdie spoggeleentheid was: "Wat is jou vuur? Wat dra jy by tot die Framesby-vuur?" Mnr. Adrian Birrell was die gasspreker. Hy is die hoofafrigter van die huidige kampioene van die BetwaySA20-reeks, die Sunrisers, en het behoorlik opnuut die Framesby-vuur in elke krieketspeler aangewakker. Mnr. Birrell het aan elke krieketspeler sy/haar hoed oorhandig, aangesien hierdie drie spanne op 11 Februarie op hul Suid-Kaaptoer vertrek het.









FRAMESBY SE DNA
HANDHAAF EN BOU

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.14A teen Grey Unicorns
o.14A @ Framesby.
2 Februarie 2026

20 boulbeurte.

Framesby wen die loot en kies om eerste te boul.

Grey teken 164/8 in 20 boulbeurte aan.

Beste boulers:
*Wesley Tait neem 2 paaltjies vir 22 lopies.
*Cilliers Jooste neem 1 paaltjies vir 26 lopies.

Framesby teken 41/10 in 13.3 boulbeurte aan.

Beste kolwers :
*Michael van Zyl teken 8 lopies van 8 balle aan.
*Divandre Vosloo teken 8 lopies van 10 balle aan.

Grey wen met 123 lopies.

Framesby o.14B teen Alexander Road
0.14 @ Alexander Road
02 Februarie 2026

15 boulbeurte

Framesby het die loot gewen en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 147/2 aan in 15 boulbeurte.

Beste kolwer:
* Marinus van der Merwe 61 van 64 balle

Alexander Road teken 21 lopies aan almal uit in 10.5 boulbeurte.

Beste bouler:
* Xander Breytenbach neem 4 paaltjies vir 12 lopies in 4 beurte

Framesby wen met 126 lopies

# KRIEKETUITSLAE

Framesby 3des teen Theodore Herzl @ TH
4 Februarie 2026

20 boulbeurte

Framesby wen loot en kies om eerste te kolf.

Framesby teken 110/7 in 20 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
- Layton Benn teken 27 van 14 balle aan.

Theodore Herzl teken 27/10 in 20 boulbeurte aan.

Beste boulers:
• Juan Titmus neem 4 paaltjies vir 19 lopies in 3 boulbeurte.
• Owen Wessels neem 4 paaltjies vir 6 lopies in 2.4 boulbeurte

Framesby wen met 83 lopies.

Framesby 4des teen Grey 5des @ Grey
4 Februarie 2026

20 boulbeurte

Framesby wen loot en kies om eerste te boul.

Grey teken 137/7 in 20 boulbeurte aan.

Beste boulers:
- Chales Blignaut neem 4 paaltjies vir 20 lopies in 4 boulbeurte.

Framesby teken 91/10 in 20 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
• Janco Faber teken 21 lopies aan .

Grey 5des wen met 46 lopies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby o.14A teen Nico Malan o.14A @ Framesby
7 Februarie 2026
50 boulbeurte

Framesby wen die loot en kies om eerste te boul.

Nico Malan teken 262/7 in 50 boulbeurte aan.

Beste bouler:
* Divandre Vosloo neem 2 paaltjies vir 30 lopies.

Framesby teken 65/10 in 17.2 boulbeurte aan.

Beste kolwer:
* Wesley Tait teken 33 lopies van 30 balle aan.

Nico Malan wen met 197 lopies.

Framesby o.15A vs Nico Malan o.15A @ Nico Malan
7 Februarie 2026
50 boulbeurte

Nico Malan wen die loot en kies om eerste te kolf.

Nico Malan teken 83/10 in 26.3 boulbeurte aan.

Beste boulers:
* Stean Raudermeyer neem 2 paaltjies vir 11 lopies.
* Matthew Struwig neem 1 paaltjie vir 11 lopies.

Framesby teken 86/1 in 14.4 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
* Kian Marais teken 39 lopies nie uit nie van 34 balle aan,
* Hanu Koen teken 31 lopies nie uit nie van 44 balle aan,

Framesby 15A wen met 9 paaltjies.

# KRIEKETUITSLAE

Framesby 2de span vs Nico Malan 2de span @ Framesby
7 Februarie 2026
50 boulbeurte

Nico Malan wen die loot en kies om eerste te kolf.

Nico Malan teken 71/10 in 23 boulbeurte aan.

Beste boulers:
* Jayden de Vos neem 4 paaltjies vir 9 lopies.
* Connor van Heerden neem 1 paaltjie vir 1 lopie.

Framesby teken 77/2 in 8.2 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
* Connor van Heerden teken 40 lopies, nie uit nie, van 21 balle aan,
* Migael van Rooyen teken 16 lopies van 15 balle aan.

Framesby 2de span wen met 8 paaltjies.

Framesby 1ste teen Nico Malan 1ste @ Nico Malan
7 Februarie 2026
50 boulbeurte

Nico Malan wen die loot en kies om eerste te kolf.

Nico Malan teken 221/7 in 50 boulbeurte aan.

Beste boulers:
* Adriaan Snyders neem 2 paaltjies vir 19 lopies.
* Corbin Fleetwood neem 2 paaltjies vir 24 lopies.
* Dandré Henwick neem 2 paaltjies vir 29 lopies.

Framesby teken 224/5 in 35.1 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
* Miles Feltham teken 92 lopies nie uit nie van 94 balle aan.
* Dandré Henwick teken 65 lopies van 69 balle aan.
* Nicholas Joubert teken 25 lopies van 14 balle aan.

Framesby wen met 5 paaltjies.

# KRIEKETUITSLAE






Miles Feltham
Vs Nico Malan

92 * (94 balle)



Dandre Henwick
Vs Nico Malan
Kolf
65 (69 balle)
Boul
2 paaltjies vir 29 lopies

# DOGTERSKRIEKETUITSLAE

Framesby 1ste Dogters vs Westering 1ste Dogters @Framesby
5 Februarie 2026
20 Boulbeurte

Westering wen die loot en kies om eerste te boul .

Framesby teken 153 lopies in 20 boulbeurte aan.

Beste kolwers:
· Danika Marais 32 van 27 balle.
· Peyton Nortje 28* van 29 balle.
· Nicole Jones 15 van 20 balle.
· Emma Lamprecht 11 van 13 balle.

Westring teken 56/10 lopies in 14 boulbeurte aan.


Beste boulers:
· Danika Marais 4 paaltjies vir 15 lopies in 4 boulbeurte.
· Peyton Nortje 4 paaltjies vir 8 lopies in 3.5 boulbeurte.
· Lise-Mari Kemp 2 paaltjies vir 16 lopies in 4 boulbeurte.

Framesby wen met 98 lopies.



# SWEMNUUS

Carl Andrews is ook gekies om vanaf 21 Maart 2026 aan die South African Nationals for Juniors-swemgala in Port Elizabeth deel te neem. Dit is `n uitmuntende prestasie. Framesby is baie trots op jou! Sterkte met die voorbereiding vir hierdie groot geleentheid.




# TENNISUITSLAE : DOGTERS

1ste span speel teen Collegiate en wen 4-0

2de span speel teen Brandwag en verloor 4-0

# TWEEKAMPUITSLAE

## Highgate Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms

Tydens die Highgate Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms wat op 7 Februarie 2026 in Oudtshoorn plaasgevind het, het 7 Framesby-tweekampatlete deelgeneem. Hulle behaal die volgende uitslae:

o.15 Dogters
8ste plek – Amalia van der Westhuizen – 2010pte

o.15 Seuns
27ste plek – Anrich van der Westhuizen – 1949pte

o.17 Dogters
5de plek – Minette van Zyl – 2041pte
27ste plek – Jemima Oosthuizen – 1885pte

o.19 Seuns
18de plek – Kyle Barker – 1969pte

o.19 Dogters
6de plek – Lienke Els – 2007pte
14de plek – Teneal Els – 1956pte





# PADWEDLOOPUITSLAE

V-SLOTS-10KM-PADWEDLOOP:
'n Paar van Framesby se middelafstandatlete het aan die V-Slots-padwedloop oor 10km deelgeneem. Die Vermaak-tweeling het uitstekend gevaar: Kylie Vermaak eindig derde met 'n tyd van 47:39 en haar suster eindig vierde met 'n tyd van 47:47. Baie geluk aan die Vermaak-susters.



# LANDLOOPUITSLAE

## Gr 8-landloopbyeenkoms: Dinsdag,10 Februarie 2026

Die graad 8-landloopbyeenkoms het in snikhete weersomstandighede plaasgevind. Leerders het 'n roete van 2km om die skool gehardloop. Baie dankie aan die 112 atlete wat deelgeneem het, die registeronderwysers wat die inskrywings voltooi het en alle beamptes se bystand. Spesiale woord van dank aan Ignet Vosloo wat die foto's geneem het.

Die 8H's het die meeste deelnemers per seksie gehad: 29 leerders het deelgeneem.

Die 8A's het die spankompetisie vir seuns en dogters gewen.

Die volgende atlete het onder die eerste 3 geëindig het:

Seuns:

1. Schalk Kemp 7:30,3
2. Wian Bender 7:34,1
3. Herman Loock 7:34,2

Dogters:

1. Ava Basson 8:10
2. Amalia van der Westuizen 9:00
3. Lika van der Merwe 10:20

Die 2026-graad-8-groep is voorwaar 'n besonderse groep leerders. Dankie vir jul entoesiasme!













HOKKIEPROEWE!
Datums:
MAANDAG 16 FEB – 16:00 0.14-DOGTERS
DINSDAG 17 FEB – 15:00 ALLE DOGTERSDOELWAGTERS
15:45 ALLE SEUNS
WOENSDAG 18 FEB – 16:00 0.19-DOGTERS
DONDERDAG 19 FEB – 16:00 0.16-DOGTERS
Bring shinpads, 'n stok en water.
Dra 'n swart of navy hemp en kouse.
Moet 15min voor die tyd opwarm.
Moet posisies op die vorm in die hokkiekantoor
voor Maandag voltooi.
FRAMESBY SE DNA

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *Lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek1999)*
Tania Crouse (*matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek1998)*
Konrad de Villiers *(matriek2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
Anoniem *(matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek1993)*
Craig Gardiner *(matriek 1995)*
Mark Bradshaw *(matriek 1984)*
Marcel Bradshaw *(matriek1983)*
Riette Gerber *(matriek 2006)*
Dion Rademeyer *(matriek 1983)*
Elmarie Loftie-Eaton *(matriek 2003)*
Pieter Coffee *(matriek 1995)*
Craig Gardner (matriek 1995)
Hester Geissler *(matriek 1995)*
Eugene Nolan *(matriek 2007)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)
Dian Jordan Du Preez (ondersteuner)
Riekie de Beer (ouer)
Bertie Geissler (ouer)
Eben Gerber (ondersteuner)


## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 barometer



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

*Beste Oudskolier. Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos.*

NAAM EN VAN :
NOOIENSVAN:
ID-NOMMER:
JAARTAL GEMATRIKULEER:
ADRES:
PROVINSIE:
BEROEP:
TELEFOON:
SELFOONNOMMER:
E-POSADRES:

***U inligting bly hoogs vertroulik.***

**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons stelsel stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy jou in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak! 'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige Trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursigtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.
PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn. Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.



# Hoërskool Framesby

# Krieketakademie

IN SAMEWERKING MET YOUTH RISERS KRIEKETAKADEMIE

YOUNG RISERS
KRIEKETAKADEMIE

0.9 EN 0.10
ELKE MAANDAGMIDDAG
17:00 - 18:00
VANAF 2 FEBRUARIE 2026

0.11 - 0.13
ELKE DINSDAGMIDDAG
17:00 - 18:00
VANAF 3 FEBRUARIE 2026

EINDIG 23 EN 24 MAART 2026

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigter



AUBREY FERREIRA

FRAMESBY SE DNA

HANDHAAF EN BOU



# Hoërskool Framesby

# Rugbyakademie

IN SAMEWERKING MET LINE BREAK RUGBY DEVELOPMENT

KOSTES R450 VIR 6 SESSIES OF
R150 PER SESSIE

OUDERDOMSGROEPE: O.10/ O.11 / O.12/ O.13

16,23,30 JANUARIE EN
6,13,20 FEBRUARIE

TYD 14:45-15:45

SKRYF IN DEUR DIE VOLGENDE SKAKEL TE VOLG:

https://forms.gle/68awLhUyMRTypsFY6

## Afrigters




RENIER DE VILLIERS





ANRICH ALBERTS




JOHAN MEYER

FRAMESBY SE DNA
uizza
IZULU.
PLATŌ
COFFEE SCULPTED
COMMUNITY INCLUDED



Hoërskool Framesby

# Netbalakademie

R80 PER SESSIE

NAVRAE:
0.7 - 0.10
JOHANN: 081 852 2584
0.11 - 0.13
CHARMAINE 079 885 5416

JANUARIE 2026:
14/16/30
FEBRUARIE 2026:
4/11/18/20
MAART:
4/11/13/18/25/27

14:30 - 15:30

FOKUSPUNTE:
BASIESE VAARDIGHEDE
VERDEDIGING
VOETWERK
AANVAL
DOELWERK

SKRYF IN DEUR DIE SKAKEL TE VOLG:
https://forms.gle/CKS7Q7tZTkdeiWhA6


## Afrigters



JOHANN VAN DER WALT



CHARMAINE BEETGE



Hoërskool Framesby

# Hokkieakademie

GRAAD 1-7

**Maandae**

17:30-18:30

| | |
|---|---|
| 9 | FEBRUARIE |
| 16 | FEBRUARIE |
| 23 | FEBRUARIE |
| 2 | MAART |
| 9 | MAART |
| 16 | MAART |

R100 PER SESSIE

SKANDEER DIE QR-KODE OM TE REGISTREER

DIE KLINIEK WORD AANGEBIED DEUR 'N HUIDIGE NASIONALE MEESTERS- AFRIGTER, HUIDIGE PROVINSIALE AFRIGTERS EN OUD-NASIONALE SPELERS

## Afrigters




CHANELLE VAN ZYL



JORDAN DRURY



JESSY COLTMAN

VIR MEER INLIGTING KONTAK JORDAN DRURY

082 887 53 33